

## RESENSIES

Jul 2011

### **Alzheimer. Hoekom ek?**

**C.G. Venter**

Daar word op `n insiggewende dog deernisvolle manier gekyk na Alzheimers. Die skrywer (65jr oud) was vir jare `n maatskaplike werkster wat meer as 15jr gewerk het as deel van `n span in die psigo-geriatriese afdeling van Stikland hospitaal. Haar kennis en ervaring van dié pasiënte en hulle families is baie waardevol. Die feit dat sy gebruikmaak van gevallestudies of praktiese illustrasies, maak dit net soveel meer lees- en verstaanbaar. Sy probeer `n begrip skep vir die proses van die Alzheimer-tipe demensie. Dis `n waardevolle boek ook vir enige persoon wat as die versorger van so `n persoon moet optree.

### **Donkerbos Verdwaal** Belydenis van `n depressielyer **Sielie Laubscher**

Sielie Laubscher, `n Gereformeerde Kerk predikantsvrou gee vir ons `n diep kyk in die ervaringswêreld van `n depressielyer. Depressie is die geesteskwaal van ons tyd en die skrywer illustreer dit ook aan die hand van die sprokie van Hansie en Grietjie wat verdwaal in die bos en wat met baie moeite en pyn, weer die pad moet terugvind huistoe. Op `n vertroulike geselstrant gee sy vir die leser aangrypende insigte in haar emosies van angs, skuldgevoel, innerlike konflik, eensaamheid en vele meer depressiesimptome. Die boek dra by tot meer begrip en simpatie teenoor die depressielyer.

**I Dared to Call him Father** The miraculous story of a Muslim woman`s encounter with God.

**Bilquis Sheikh**

Hierdie is `n aangrypende ware verhaal van `n prominente Muslim vrou wat in die sestigerjare tot die Christelike geloof bekeer is. Deur middel van `n reeks drome, begin haar soeke na God deur o.a. uit te reik na Christen sendelinge. Haar hele lewe word om gedolwe as sy antwoorde begin kry op haar vrae en drome. Ten spyte van die feit dat sy verwerp word deur haar familie, bly sy onwrikbaar glo en stap die Here ook `n besondere pad met haar.

**On Life After Death**

**Elisabeth Kübler-Ross**

Dr Elisabeth Kübler-Ross het vir jare gewerk as mediese dokter met sterwende pasiënte. Deur haar in-diepte navorsing, wat wêreldwyd gestrek het, gee sy vir ons `n baie bemoedigende uitkyk op die fassinerende onderwerp van wat ons na die dood kan verwag. Haar opinies is alles geskoei op `near death` ervarings van pasiënte uit alle bevolkingsgroepe, beide geslagte en ook beide volwassenes en kinders.